HET JAN MARAIS NATIONALE FONDS

(Ingestel kragtens testament van wyle J H Marais op 30 Mei 1915 MT3312/56)

T: 021 882 9862/72 Posbus 12700, Die Boord, 7613 www.hetjanmarais.co.za

# Het Jan Marais Nationale Fonds

("HJMNF")

(MT3312/56)

## WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTINGSBELEID

***(in terme van Artikel 51 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2 of 2000 ("PAIA"))***

Die beleid is gepubliseer in terme van Artikel 51 van die Wet op Bevordering van Toegang to Inligting (Wet No.2 of 2000) ("Die Wet"). Die Wet gee uitvoering aan die bepalings van Artikel 32 van die Grondwet, wat voorsiening maak vir die reg op toegang tot inligting wat deur die Staat besit word en tot inligting wat deur 'n ander persoon of entiteit bewaar word, waar sulke inligting deur iemand vereis word om sy / haar regte te beskerm. Hierdie handleiding dien om lede van die publiek in te lig oor die kategorieë van inligting wat **Het Jan Marais Nationale Fonds** hou. Toegang tot die rekords en inligting is nie outomaties nie. Enige persoon wat toegang tot enige van die bogenoemde rekords of inligting wil versoek, moet 'n versoekvorm invul wat aan hierdie handleiding aangeheg is.

Trustees: Me. E de la H Meaker (voorsitter), Mnr. PJ Bestbier (ondervoorsitter),
Prof. MLA le Cordeur, Mnre AL de Waal en L van der Walt, Me. W van Heerden

PBO 930006739

**INHOUDSOPGAWE:**


1. Inleiding
2. Besigheidskontakbesonderhede ingevolge Artikel 51(1)(a)
3. Beskikbaarheid van die beleid/handleiding
4. Die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting ("PAIA")
5. Die doelstellings van PAIA
6. Prosedure om toegang te vra tot rekords wat die besigheid besit ingevolge Artikel 51(1)(e)
7. Voorgeskrewe fooie vir die versoek van inligting
8. Toepaslike wetgewing ingevolge Artikel 51(1)(c)
9. Bylae van Rekords
10. Gronde vir weiering

1. **Inleiding:**

**Het Jan Marais Nationale Fonds ("HJMNF")** se domicilium is in Stellenbosch. Die Fonds fokus op die behoud en uitbou van die Afrikaanse taal en kultuur landwyd onder alle bevolkingsgroepe, met voorkeur aan die bevordering van die materiële en geestelike welsyn van die bevolking van die distrik Stellenbosch.

2. **Besigheidskontakbesonderhede ingevolge Artikel 51 (1)(a):**

| | |
|---|---|
| Naam: | Het Jan Marais Nationale Fonds |
| | (T: 021 882 9862/72) |
| Inligtingsreguleerder: | Henét de Villiers (e-pos: sekretaris@hetjanmarais.co.za) |
| Posbus Adres: | PO Box 12700, Die Boord, Stellenbosch, 7600 |
| Fisiese Adres: | Meson Close 12, Tegnopark, Stellenbosch, 7600 |
| Telefoon: | 021-882 9862 |
| E-pos: | sekretaris@hetjanmarais.co.za |
| Webtuiste: | www.hetjanmarais.co.za |

3. **Beskikbaarheid van die beleid/handleiding**

'n Afskrif van die Beleid is beskikbaar–

- By die fisiese adres;
- Op versoek van die Inligtingseguleerder (Henét de Villiers); en
- Op die webtuiste: www.hetjanmarais.co.za

Hierdie beleid sal van tyd tot tyd opgedateer word, soos nodig.

4. **WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING ('PAIA')**

Die SA Menseregtekommissie (SAMRK) het ingevolge artikel 10 van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA) 'n gids ontwikkel wat inligting bevat wat redelikerwys benodig word deur 'n persoon wat enige reg ingevolge PAIA wil uitoefen of beskerm.

Die gids bevat onder andere die volgende inligting:

- Die doel van PAIA;
- Die wyse, vorm en koste van 'n versoek om toegang tot inligting, wat deur 'n liggaam bewaar word;
- Hulp beskikbaar by inligtingsbeamptes en die SAMRK;
- Regsmiddele wanneer toegang tot inligting geweier word;
- Wanneer toegang tot inligting geweier kan word; en
- Die Kontakbesonderhede van inligtingsbeamptes in die Nasionale, Provinsiale en Plaaslike regering.

Die gids is beskikbaar op die SAMRK by www.sahrc.org.za.

**4.1 Afskrifte van die gids kan ook by al die SAMRK se provinsiale kantore verkry word, waarvan die kontakbesonderhede in die gids opgeneem word.**

**Stellenbosch Plaaslike Munisipaliteit:**

Inligtingsreguleerder (PAIA) Mrs Christa Liebenberg

Pos: Posbus 17, STELLENBOSCH, 7599

Straat: Plein Straat, STELLENBOSCH

Tel: 021 808 8025 Faks: 021 886 6749

E-pos: municipal.manager@stellenbosch.gov.za

**4.2 Navrae rakende die gids kan aan SAMRK gerig word.**

**Slegs navrae rakende artikel 51 van PAIA (GEEN voorleggings nie):**

**Tel:** (011) 877 3645

**E-pos adres:** Tshepang Sebulela – tsebulela@sahrc.org.za

**Slegs navrae rakende artikel 32 van PAIA (GEEN voorleggings nie):**

**Tel:** (011) 877 3608

**E-pos adres:**

Dr. Shanelle Van Der Berg – svanderberg@sahrc.org.za

Tshepang Sebulela – tsebulela@sahrc.org.za

## 5. Doeleindes van PAIA

- Om deursigtigheid, aanspreeklikheid en effektiewe bestuur van alle openbare en private liggame te bevorder;
- Om lede van die publiek te help om effektief ondersoek in te stel en deel te neem aan die besluitneming deur openbare liggame;
- Om te verseker dat die staat 'n menseregtekultuur en sosiale geregtigheid bevorder;
- Om openheid aan te moedig;
- Die opstel van vrywillige en verpligte meganismes of prosedures wat die reg op toegang tot inligting op 'n vinnige, goedkoop en moeitelose wyse, uitvoer.

## 6. Prosedure om toegang te vra tot inligting wat die besigheid besit ingevolge Artikel 51(1)(e)

Gebruik die voorgeskrewe 'Vorm C' wat beskikbaar is op die webwerf van die SUID-AFRIKAANSE MENSEREGTEKOMMISSIE by www.sahrc.org.za. Vorm C is ook beskikbaar op die webtuiste (www.hetjanmarais.co.za )

**6.1** Rig u versoek aan ons inligtingsbeampte.

**6.2** Verskaf voldoende besonderhede om **HJMNF** in staat te stel om die volgende te identifiseer:

(a) Die aangevraagde rekords;

(b) Die versoeker (en as 'n agent die versoek indien, 'n magtigingsbewys);

(c) Die vereiste vorm vir toegang;

(d) (i) Die posadres of faksnommer van die versoeker in die Republiek;

(ii) Indien die versoeker op enige wyse (benewens skriftelike kennisgewing) van die besluit ingelig wil word, die wyse en besonderhede daarvan;

(e) Die reg wat die versoeker wil uitoefen of beskerm met 'n uiteensetting van die rede waarom die rekord benodig word om die reg uit te oefen of te beskerm.

**Prosedure wanneer 'n PAIA versoek gemaak word**

'n Versoeker moet toegang verleen word tot die aangevraagde rekords indien hy / sy aan die volgende prosedurele vereistes voldoen het:

- Die PAIA-versoek moet op die korrekte vorm (vorm C vir privaatliggame) gerig word aan die inligtingsbeampte of aan die hoof van die privaatliggaam;
- Die PAIA-versoekvorm moet op versoek per hand afgelewer, gepos, gefaks of per e-pos aan HJMNF gestuur word; en
- Die rekords wat aangevra word, is nie onderhewig aan die weieringsregte wat ingevolge PAIA toepaslik is nie.

## 7. Voorgeskryfde fooie vir die versoek van inligting:

Die volgende is van toepassing op versoeke (behalwe persoonlike versoeke):

7.1 'n Versoeker moet die voorgeskrewe fooie (R50.00) betaal voordat 'n versoek verwerk sal word. Dit is belangrik om daarop te let dat versoekers wat toegang tot hul persoonlike inligting versoek, vrygestel is van die betaling van die versoekgeld, maar hulle moet egter steeds toegangsgeld betaal. Versoekers wat minder as R14, 712 per jaar (indien enkellopend) en R27,192 per jaar (indien getroud of in 'n lewensvennootskap) verdien, hoef nie toegangsgeld te betaal nie;

7.2 Indien die voorbereiding van die aangevraagde rekord meer as die voorgeskrewe ure (ses) benodig, moet 'n deposito betaal word (van hoogstens een derde van die toegangsfooi wat betaalbaar sou wees indien die versoek toegestaan word);

7.3 'n Versoeker kan 'n aansoek by die hof indien teen die tender/betaling van die versoekgeld en/ of deposito;

7.4 Rekords kan weerhou word totdat die gelde betaal is.

7.5 Die fooi-struktuur is beskikbaar op die webwerf van die SUID-AFRIKAANSE MENSEREGTESKOMMISSIE by www.sahrc.org.za.

## 8. Toepaslike wetgewing ingevolge Artikel 51(1)(c):

Inligting is ingevolge die volgende wetgewing beskikbaar vir die persone of entiteite wat in sodanige wetgewing gespesifiseer word, sowel as die spesifieke beskerming wat sulke wette bied. (Die toepaslike wetgewing is gemerk)

Maatskappywet 71 van 2008

Wet op Beheer van Trustgoed 57 van 1988

Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008

Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies 25 van 2002

Inkomstebelastingwet 95 van 1967

Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000

Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013

SA Reserwebankwet 90 van 1989

Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde 89 van 1991

□ Ander

**9. <u>Bylae van Rekords:</u>**

By die onderneming hou ons die volgende kategorieë inligting, onderworpe aan gronde vir weiering om toegang daartoe te verkry. Ons het geen beskrywing by die Minister ingedien vir publikasie in die Staatskoerant nie.

**Trustinligting**

- Oprigtingsdokumentasie
- Notules van vergaderings van Trustees
- Beleggingsverslae en-state
- Belastingopgawes
- Interne en eksterne korrespondensie
- Skenkings en begunstigdes

**Lisensies, ens:**

- Materiële magtigings
- Kontrakte

**Bedrywighede**

- Trustinligting
- Aansoekers en aansoekersinligting
- Kontrakte
- Inligting rakende huidige en afgehandelde aansoeke
- Verskaffers

**Aansoekverwante rekords**

- Aansoekersinligting
- Rekords wat gegenereer word met betrekking tot die aansoekers, insluitend, transaksierekords en finansiële state.

**Ander Party Rekords**

**HJMNF** kan rekords hê van ander partye, insluitend kontrakteurs en diensverskaffers.

**10. <u>Gronde vir weiering</u>**

Die hoofgronde vir die weiering van 'n versoek om inligting hou verband met die verpligte beskerming van die privaatheid van 'n derde party wat:

- 'n natuurlike persoon, wat die onredelike bekendmaking van persoonlike inligting van daardie natuurlike persoon sou behels;
- verpligte beskerming van die kommersiële inligting van 'n derde party, indien die rekord die volgende bevat

–

-handelsgeheime van daardie derde party;

-finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting waar bekendmaking moontlik die finansiële of kommersiële belange van daardie derde party kan benadeel;

- inligting wat vertroulik deur 'n derde party aan HJMNF bekend gemaak word, indien die openbaarmaking daardie derde party kan benadeel in onderhandelinge of kommersiële mededinging;
- verpligte beskerming van vertroulike inligting van derde partye indien dit ingevolge enige ooreenkoms beskerm word;
- verpligte beskerming van die veiligheid van individue en die beskerming van eiendom;
- verpligte beskerming van rekords wat in regstappe as bevoorreg beskou sal word;
- die kommersiële aktiwiteite van **HJMNF**, wat handelsgeheime van die private liggaam kan insluit;;
- versoeke vir inligting wat duidelik ligsinnig of lastig is, of wat 'n onredelike afleiding van hulpbronne behels, sal geweier word.

Geteken deur: Henét de Villiers

Handtekening

Datum: 30/06/2021

**Kapasiteit: Inligtingsbeampte**